

Nuus- en Gebedsbrief 20 Augustus 2018

Gebed:

Vader help my om my gedragpatrone aan te pas by U en nie by die wêreld nie. Omvorm verkeerde denke, en vernuwe asb. my denke volgens U Woord.
Amen.

"Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragpatrone van hierdie wêreld nie, maar laat God julle omvorm deurdat Hy julle denkpatrone vernuwe. Dan sal julle goed kan onderskei wat Hy wil hê dat julle moet doen, naamlik dit wat werklik goed en aanvaarbaar en volmaak is." Rom. 12:2 NLV

HULPBRONNE:

Bybelstudie: Vernuwende denke

"Die tweede, ewe belangrike opdrag is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'" Mat. 22:39

Ons almal sukkel met die gebod in 'n mindere of meerdere mate. Wie is dan nou almal my naaste? In watter omstandighede is die wat vir my werk of saam met my werk my naaste?

Nuwe denkwysse

Kom ons begin met die gedeelte wat sê: *liefhê soos jouself*.

Hoe lief het ek myself?

Kan ek dit eerlik antwoord teenoor God?

Wat sal my vrou of vriende sê hoe lief het ek myself?

Hoe ek myself sien en *liefhet* gaan saam met hoe ek my identiteit sien. **Wie is ek?** Nie wat is my naam en wat is my beroep nie, **wie is ek?** Ek het 'n liggaam wat bepaal watter geslag ek is, hoe oud ek is en hoe gesond ek is, maar dit is nogsteeds nie my identiteit nie.

C O G S

1. C = CBMC Members and leaders, locally and internationally
2. O = One on one ministry; Men on our prayer cards, men we are busy discipling/OT
3. G = Government, locally and national
4. S = Self and needs of prayer partner



Kom ons kyk of ons die antwoord in die Woord kan kry.

“Ek leef nie meer nie, maar Christus lewe in my. Die lewe wat ek nou op aarde leef, leef ek deur geloof in die Seun van God, Hy wat sy liefde vir my bewys het deur in my plek te sterf.” Gal. 2:20

“My kinders, ek verkeer van voor af weer in geboortepyne oor julle totdat Christus in julle gestalte kry.” Gal. 4:19

“Ek sê nie dat ek dit alles al het of die doel al bereik het nie, maar ek span my in om dit alles myne te maak omdat Christus Jesus my reeds Syne gemaak het.” Fil. 3:12

My ware identiteit is **Christus in my** wat bepaal **wie ek in Christus is**. Hy het my geskape en ek is syne. Hy het bepaal wat my velkleur en my geslag is en wat my ouderdom sal wees wanneer ek hierdie aarde verlaat.

Is ek tevrede daarmee (*content*)? Verstaan ek dat Hy my vergewe het en gereinig het van al my sondes; dat ek Sy verteenwoordiger is - 'n oorspronklike en unieke verteenwoordiger, nie 'n duplikaat van iets of iemand nie?


- Daarom moet ek seker maak dat ek myself (met my regte indentiteit) reg *liefhê* sodat ek my naaste reg kan liefhê.
- Daarom moet ek almal vergewe, want Hy het my vergewe. Anders kan ek nie na my naaste kyk met Jesus se oë nie (verwys na Gal. 2:20). Dit is nie ek wat lewe nie maar Hy deur my. Hy in my, is die hoop en die liefde vir my naaste.

As ek my naaste wil *liefhê*, soos myself, moet ek seker wees:

1. dit is Christus wat in my lewe (Gal. 2:20),
2. ek is gelukkig met wie ek is (nie noodwendig met my huidige lewensstyl of posisie nie, dit kan altyd verander of verbeter) (Gal. 4:19 en Fil. 3:12),
3. ek het geen onvergewensgesindheid in my nie, en dat daar geen onopgeloste sake tussen my en iemand anders is nie. Geen ongeregtheid nie.

“As jy dus jou gawe na die altaar toe bring en dit jou daar byval dat jou broer iets teen jou het, laat staan jou gawe daar by die altaar en gaan maak eers vrede met jou broer en kom dan en bring jou gawe.” Mat. 5:23-24

“As iemand sê: “Ek het God lief,” en hy haat sy broer, is hy 'n leuenaar; want wie sy broer, wat hy kan sien, nie liefhet nie, kan onmoontlik vir God liefhê, wat hy nie kan sien nie.”
1 Joh. 4:20



“En wanneer julle staan om te bid, en julle het iets teen iemand, vergewe hom; dan sal julle Vader wat in die hemel is, julle ook julle oortredings vergewe.” Mark. 11:25

Prakties vir die week

1. Gaan maak reg waar daar nie vrede is nie.
2. Bid en vra of daar enige ongeregtheid is - in jou persoonlike lewe of jou besigheid - wat jy moet gaan regmaak, ongeag hoe lank terug en hoe moeilik dit is.
3. Bid en vra wie jou naaste is (wie jy hierdie week moet *liefhê* soos jouself en wat jy moet doen of beteken vir die persoon)
4. Gaan doen dan aan jou naaste soos wat jy aan jouself gedoen sou wou hê.
5. Kom getuig volgende week daarvan.

Verdere Skrifgedeeltes om te lees:

“Sorg dat niemand 'n ander mens kwaad vir kwaad vergeld nie. Beywer julle liever altyd vir die belange van julle medegelowiges en van alle mense.” 1 Tess. 5:15

“Seën julle vervolgers, ja, seën hulle, moet hulle nie vervloek nie. Wees eensgesind onder mekaar. Moenie hooghartig wees nie, maar skaar julle by die nederiges. Moenie eiewys wees nie. Moenie kwaad met kwaad vergeld nie. Wees goedgesind teenoor alle mense. As dit moontlik is, sover dit van julle afhang, leef in vrede met alle mense.” Rom.12:14, 16-18

“Die vrug van die Gees, daarteenoor, is liefde, vreugde, vrede, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing. Teen sulke dinge het die wêreld niks nie. Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.” Gal. 5:22-25

“Die Here ken dié wat aan Hom behoort,” en: “Elkeen wat sê dat hy aan die Here behoort, moet wegbreek van die ongeregtheid.” 2 Tim. 2:19 (b)

Vers vir memorisering:

Gal. 2:20


“...en nou is dit nie meer ek wat lewe nie, maar Christus wat in my lewe. Die lewe wat ek nou nog hier lewe, leef ek in die geloof in die Seun van God wat sy liefde vir my bewys het deur sy lewe vir my af te lê.” of

Gal. 5:24-25

“Dié wat aan Christus Jesus behoort, het hulle sondige natuur met al sy hartstogte en begeertes gekruisig. Ons lewe deur die Gees; laat die Gees nou ook ons gedrag bepaal.”

Seën vir die week.

Frik



GEBED, NUUS & TERUGVOER

Nuus:

Jim Firnstahl, CBMC Internasionale President en Paul Johnson, Hoof-Opleidingsdirekteur, VSA (ons *Leadership Coach* ghoeroe) besoek ons in die week van 3 tot 8 September. Ons het verskeie geleenthede waar hulle betrokke gaan wees en waar jy na hulle kan kom luister. Ons het alreeds 'n volledige program vir elke area gestuur. Die datums by kalender sit elke geleentheid uiteen. Kontak ons indien jy nog niks ontvang het nie.

Leadership Coach Training:

Hierdie kursus word in September by verskeie sentrums aangebied. Kontak asb die betrokke persone indien jy dit sou wou bywoon.

Sentrum	September 2018	Fasiliteerder	Kontakpersoon
Vanderbijlpark	7 & 8	Harm Engelbrecht	Harm Engelbrecht by harm@cbmc.co.za of 084 941 2410
Centurion, Pretoria	7 & 8	Paul Johnson	Harm Engelbrecht by harm@cbmc.co.za of 084 941 2410
Stellenbosch	14 & 15	Louis Smit & Piet Swart	Piet Swart by piet@groen96.co.za of 082 962 8926

Nuwe Spanne:

Ons het al voorheen vir julle genoem van die nuwe Bolandspan, Riebeek Kasteel. Hou hulle asseblief in gebed waar hulle in hulle babaskoene staan.

Die Helderbergarea spog met 'n nuwe span, Gordonsbaai, met Abrie Hyman aan die stuur van sake.

En in die noordelike voorstede is daar nog 'n span besig om te ontwikkel, Die Koffieman, Durbanville.

Ons vra dat julle asseblief hierdie spanne aan die Here sal opdra met die nodige ondersteuning soos julle self weet. Baie dankie!

Gebed:

Ons vra dat julle ernstig sal intree vir die verrigtinge vir die CBMC Zimbabwe Konferensie. Hulle het groot uitdagings tans tot die aanloop van hierdie geleentheid.

Ariana



VERJAARDAE & KALENDER:

VERJAARDAE:

Augustus

20ste: Stoney Coetzee **21ste:** Callie Bosch, Bossie Bosman, Johan Stoltz & Roland Willis **23ste:** Pieter Struwig **24ste:** Braam Audi, André Botes & Paul Pedersen **25ste:** Albert Burger & Demitri Kalipozes **26ste:** Willie Swanepoel

KALENDER:

Ons vra asseblief voorbidding vir die volgende items op ons kalender:

- **CBMC Uitreik, Strand-Sentraal, 24 Augustus**
- **CBMC Zimbabwe Konferensie, 31 Augustus – 2 September**
- **CBMC Uitreik met Jim Firnstahl, Pretoriaspanne, Brooklyn, 4 September**
- **CBMC Inreik met Paul Johnson, Noordelike voorstede, Bellville, 4 September**
- **CBMC Inreik met Jim Firnstahl, Woodmead, 5 September**
- **CBMC Inreik met Paul Johnson, Bolandspanne, Wellington, 5 September**
- **CBMC Pare-Inreik met Jim Firnstahl, Bolandspanne, Wellington, 6 September**
- **CBMC Inreik met Jim Firnstahl, Helderbergspanne, Somerset Wes, 7 September**
- **CBMC Inreik, Blouberg spanne met Jim Firnstahl, Blouberg, 8 September**
- **Leadership Coach Training, sien datums bo**
- **Mighty Men Weskaap, Môresonplaas, Malmesbury 5-7 Oktober**
- **CBMC Boland Gholfdag, Wellington, 15 November**

